SA JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING
SA HUNTERS AND GAME CONSERVATION ASSOCIATION

®

# Reëls vir die Intertakligaskiet

*(AANVAAR 9/12/2004, GEWYSIG DESEMBER 2005, HERSIENING DES 2006)*

**Inleiding.**

Die intertakligaskiet het ten doel om op streeksvlak 'n gestruktureerde landswye kompetisie daar te stel wat beheer word deur dieselfde reëls. Die Vlakte Springbokskiettabel, die Bosveld Blouwildebeesskiettabel en die Grootkaliberskiettabel sal gebruik word vir die Intertakligaskiet. Die resultate sal gebruik word om spanne uit die deelnemende takke te selekteer vir die deelname aan die jaarlikse finale intertakskiet wat in Oktober elke jaar sal plaasvind. Die top 30 spanne sal geselekteer word uit die twee bene van die ligaskiet. Die top 30 spanne sal in A, B en C liga's ingedeel word op grond van die resultate van die twee bene. Takke mag nie meer as drie spanne stuur nie, en 'n tak mag nie met meer as een span in 'n spesifieke liga verteenwoordig wees nie.

**Reëls.**

1. Slegs tellings wat deur takke behaal word tydens 'n streekskompetisie teen ander takke, kan geregistreer word. Takke kan dus nie op hul eie skiet vir die liga nie. Slegs die eerste telling wat 'n span behaal in 'n been van die liga, kan geregistreer word by HK.

2. Daar moet geleentheid wees vir die instel van gewere voor die kompetisie vanaf 100m. Die teikens het 'n inskietarea. 10 Minute kan toegelaat word vir die instel en bevestiging van die gewere. Die skuts wat aan meer as een van die tabelle deelneem en van meer as een geweer gebruik maak, moet dan al die gewere in die toegelate tyd instel. Vanaf 100m is dit nie nodig dat die gate aangedui moet word nie, en skuts kan dus sonder aanduiding hulle gewere instel. Na die toegelate tyd kan die skuts na vore gaan en die teikens toeplak.

3. 'n Span bestaan uit 5 posisies. Die vyf posisies hoef nie noodwendig gevul te word deur dieselfde skuts vir die Vlakte- Bosveldskiettabelle en Grootkaliberskietoefening nie. Dit beteken dat 'n tak dus die vyf beste skuts afsonderlik kan kies vir die drie tabelle. 'n Tak se span vir 'n ligakompetisie kan dus uit tussen 5 en 15 skuts bestaan. 'n Skut kan byvoorbeeld vir 'n tak se A-span die Bosveldtabel skiet, en dan vir die B-span die Vlaktetabel skiet.

4. Al die tabelle moet op een dag geskiet word om die telling te kan gebruik vir die liga-kompetisie.

5. Al vyf die skuts van 'n span skiet op dieselfde teiken tydens 'n kompetisie.

6. Die ligakompetisie bestaan uit twee bene, soos aangedui op die skietkalender. Die eerste been vind plaas vanaf Februarie tot April van elke jaar. Die laaste datum vir die eerste been se tellingregistrasie Sal op die jaarkalender aangedui word.

7. Die tweede been van die Intertakligakompetisie vind plaas tussen Mei en Julie van elke jaar. Die laaste datum vir registrasie van tellings sal op die jaarkalender aangedui word.

8. Die gemiddelde telling van elke span vir die twee bene sal gebruik word om die spanne te selekteer vir die finale kompetisie.

9. Die lede van enige span van ‘n tak hoef nie dieselfde persone te wees vir die twee bene van die liga, of die finale Intertakskiet nie.

10. Daar sal teen enige skut wat enige van die skiettabelle se reëls verbreek, disiplinêr opgetree word. So ‘n skut kan verban word vir enige toekomstige deelname indien skuldig bevind word, en die span sal gediskwalifiseer word vir die kompetisie.

Nota: Dit sal die Takke loon om vroegtydig datums en skietbane vas te maak met naburige takke vir die ligakompetisie.